Southern Post
SUIDERNUUS

BREDASDORP, NAPIER, WAENHUISKRANS, STRUISBAAI, L'AGULHAS, ELIM, KLIPDALE, PROTEM, WOLVENGAT, OUPLAAS, SWELLENDAM, RIVIERSONDEREND

Vrydag 27 November 2009

R4,50

Hop In
Family Market
Tel. 028-424 2060

750g Ricoffy **R45,95**
2kg Omo **R29,95**
1kg Kelloggs **R29,95**
10kg Leg Quarters **R165,00**
2kg Rys **R14,95**
18's Large Eggs **R15,95**
405g Koo Beet **R6,99**

Die Kaapse Hoëhof het gelas dat alle onregmatige en ongemagtigde ontwikkeling op erf 599, Waenhuiskrans, nietig verklaar word. Die uitspraak word as 'n oorwinning vir die gemeenskap van Waenhuiskrans bestempel. **Berig op bl. 3**

WARA Hofsaak rakende erf 599 Waenhuiskrans

Die Belastingbetalersvereniging van Waenhuiskrans/Arniston (WARA) verwelkom die uitspraak in die Kaapse Hoë Hof rakende Erf 599 op Waenhuiskrans, waar alle onregmatige en ongemagtigde ontwikkeling nou nietig verklaar is. Die uitspraak van waarnemende regter De Swardt is bestempel as 'n oorwinning vir die hele gemeenskap van Waenhuiskrans/Arniston.

Die regter het onder meer bevind dat die Munisipaliteit nie soos wetlik vereis word, die markwaarde in ag geneem het toe die erf verkoop is nie. Die erf is aanvanklik vir R426 000 verkoop en is daarna effektief vir sowat R4 miljoen herverkoop. Die eienaar, Verreweide Eiendomsontwikkeling Edms. (Bpk), verteenwoordig deur Mnr Robert Haarburger, het daarna die aanvanklik goedgekeurde bouplanne gewysig en sonder goedgekeurde bouplanne begin bou.

Bouwerk op die erf, wat oorkant die kampeerterrein by die ingang van die dorp teenaan die hoofpad lê, is gestaak nadat 'n hofinterdik verkry is. Verdere hofbevele is nou deur regter De Swardt uitgereik in die geding wat WARA en die Waenhuiskrans Aksiegroep (WAG) teen Verreweide en die Kaap Agulhas Munisipaliteit aanhangig gemaak het.

Die regter het ook bevind dat daar oënskynlik onderhandse samewerking (ostensible collusion) tussen die destydse munisipale bestuurder, Keith Jordaan, en Verreweide/ Haarburger was. Jordaan, as 'n openbare amptenaar, was verplig om in goeie trou op te tree, maar was nie onpartydig en objektief nie. Toe dit onder sy aandag kom dat hersonering van die erf verval het, het hy munisipale amptenare opdrag gegee om die goedkeuring van Verreweide se bouplanne terug te dateer. Die hof het bevind dat Verreweide met konstruksie begin het voordat sy gewysigde bouplanne goedgekeur is. Die hele tenderproses moet nou van vooraf begin, en die half voltooide gebou kan deels of in geheel gesloop word, volgens die regter.

WAG is gestig omdat WARA gevrees het dat Haarburger die belastingbetalersvereniging wou oorneem deurdat hy 116 persone, meesal sy werknemers of hul familielede, as nuwe lede wou inskryf. Hy sou dan - "whether by fair means or foul", volgens die regter - die teenstand teen die ontwikkeling van Erf 599 kon wegdoen.

WARA en WAG, wat in die openbare belang opgetree het en die geding as 'n toetssaak ingevolge die nuwe Wet op Munisipale Finansiële Bestuur beskou, verwelkom dit ook dat die hofkoste deur die verweerders betaal moet word.

WARA en sy estetiese komitee sien uit daarna om voortaan op gekoördineerde wyse met die Munisipaliteit Kaap Agulhas saam te werk. Wedersydse goeie trou en voldoening aan die Grondwet en die landswette sal noodsaaklik wees in die toekomstige vrugbare en harmonieuse ontwikkeling van dié unieke dorp en sy gemeenskap.